# Getuie Wees met Woord en Daad

Sou jy sê dat mense werklik uit jou hele lewe – uit jou woorde en jou dade – kan agterkom dat jy 'n Christen is?

Die hele doel van die bestaan van die kerk, is dat ons deur God *uitverkies is om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.* (1 Petrus 2:9). Daarom is alle gelowiges, oud en jonk, ryk of arm, wit of bruin of swart, ja almal, getuies van Christus.

Die Heilige Gees maak ons getuies van Christus (Johannes 15:26-27; Handelinge 2:17, 21).

Alhoewel die woord 'getuie', aanvanklik net van die apostels as God se gevolmagtigde getuies gebruik is, lees ons in die Bybel self hoe die woord 'getuie' of 'getuig' later ook van toepassing gemaak is op mense wat nie apostels was nie (bv. Antipas, vgl. Openbaring 2:13). In 1 Johannes 5:10 staan daar dat elkeen wat in die Seun van God glo, die getuienis in sy hart het.

Die doel daarvan dat die gelowiges getuies van Christus is, is dat bekering en vergifnis van sonde in sy Naam in die hele Judea, Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld verkondig sal word en al die nasies van die wêreld sy dissipels gemaak sal word (Matteus 28:19, 20; Lukas 24:47; Handelinge 1:8).

> *Dit alles hou in dat ons met ons woorde en ons dade, elke oomblik van ons lewe, getuies van Christus is.*

## <u>Met ons woorde sowel as met ons dade</u>

Dit is uiters noodsaaklik om te besef dat 'n mens altyd met jou woorde sowel as met jou dade 'n getuie van Christus moet wees.

Hier moet ons twee gevare altyd in gedagte hou:

### *1. Dade sonder woorde is nie getuienis van Christus nie*

Sommige mense wat nie die moed het om openlik daarvoor uit te kom dat hulle Christene is nie, verskoon hulle lafhartige verloëning van hulle Here met die uitspraak dat al getuig hulle nie met hulle mond van die Here nie, hulle darem met die goeie dade in hulle lewe van die Here getuig.

Wanneer ek egter nie praat oor die Here nie, getuig ek teenoor die buitewêreld eintlik nog nie werklik van die Here nie, maar net van myself en my goeie hoedanighede. Eers wanneer ek pertinent van die Here en sy liefde en genade praat wys ek van myself af weg na Hom wat die bron van my hele lewe is.

### *2. Woorde sonder dade ontneem my getuienis alle oortuigingskrag*

Ons, ken die spreekwoord wat sê: "Woorde wek maar voorbeelde trek". As ons woorde waarmee ons die evangelie uitdra nie gepaard gaan met opregte liefde nie, dan sal ons nooit geloofwaardige getuies van Christus kan wees nie. Dit beteken dat ons liefde vir mekaar 'n getuienis van ons Christenskap vir die wêreld moet wees (Johannes 13:34, 35). Ook die uitlewing van eenheid met medegelowiges sal mense oortuig dat Jesus Christus ons Here waarlik die Seun van God is.

Die onderlinge liefde wat God tussen sy kinders eis moet hartlik wees en *sigbaar word in konkrete dade van hulpbetoning. Onderlinge liefdesbetoning bevestig die integriteit van die evangelie.* Daarsonder mag iemand homself nie 'n Christen of 'n gelowige noem nie en word ook die

ongelowiges in die wêreld gestrem om tot geloof te kom. Kyk maar na duidelike Skrifuitsprake (Romeine 12:10; Jakobus 2:14-17; Johannes 3:17, 18; 2 Korintiërs 8:9).

Jesus sê selfs volgens Lukas 6:32-33 dat die toets of jy werklik sy liefde in jou lewe het nie daarin lê dat jy jou eie mense in hulle nood help nie, maar juis of jy bereid is om ook aan die wat normaalweg nie vir jou lief is nie, dade van liefde te betoon:

> *"En as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter dank het julle? Want die sondaars het ook die lief wat vir hulle liefhet. En as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen, watter dank het julle? Want die sondaars doen dieselfde."*

## Verkondig met woord en daad

In sending- en evangelisasiewerk moet die verkondigende gemeente met die daad betrokke wees by die mens in sy totale nood, sy totale lewenssituasie, sy siel en sy liggaam. Dit is nou maar een maal so: Die Here verwag van ons om sy magtige evangelie van liefde vir sondaars met woorde *en met dade aan die wêreld te gaan verkondig*.

Daar is heelwat Skrifuitsprake wat die gelowiges se goeie werke – ook in Christelike hulpverlening direk – in verband bring met die evangelieverkondiging aan ongelowiges. Jesus self het gesê:

> *"Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik."*

(Matteus 5:16)

Die kerk se integriteit en die waarheid van sy boodskap hang saam met liefdevolle hulpbetoon.

Mense sal die kerk in sy verkondiging van God se liefde beslis nie ernstig opneem as die innige jammerte van Jesus Christus nie ook uit ons optrede blyk nie. Aan die ander kant is daar bewyse uit die kerkgeskiedenis dat die ontsaglike opofferende liefde van die Christene in die eerste eeue 'n geweldig belangrike faktor was in die vinnige uitbreiding van die kerk onder die heidendom.

Dit is altyd so dat dwaalrigtings goeie teelaarde kry waar die kerk sy roeping versuim.

Flip Buys

© 2016
www.christelikemedia.org